Soos al die profetiese boeke, bevat J O Ë L waarskuwings (terugskouend op 'n ramp) asook die belofte op herstel indien daar ware berou en terugkeer na die H E R E is. Besonders is die belofte van die uitstorting van die Heilige Gees, wat Petrus in Handelinge 2 aanhaal op Pinksterdag.

J O Ë L 1:1 verklaar: “Dit is die woord van die Here wat gekom het tot Joël seun van Petuel.” Geleerdes verskil hewig in hul plasing van die profeet. Ek is dit eens met diegene wat die profeet dateer na die terugkeer uit die ballingskap asook na die herbou van die tempel (na 515 vC).

Die volk wat die sprinkaanplaag en ander rampe beleef het en nou in berou voor die H E R E moet leef. Maar ook ONS vandag, wat moet terugkeer!

Met die profete sit ons ‘n bril op om twee aspekte voortdurend raak te sien: WAARSKUWINGS en BELOFTES. Die “dag van die H E R E” is soos in A M O S en J E S A J A 'n belangrike motief.

Die onderstaande twee grafieke verduidelik die moontlike datering van die profeet asook die indeling van die hooftema’s van J O Ë L